Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# O.B.

6de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 13 November 1946. No. 1.

# „MAAK VOLKSAAK VAN VERKIESING', SÊ K.G.

## BEREID OM VOORSTELLE OOR SAMEWERKING TE ONTVANG

### ANDER O.B. AS VAN 1943

***Voor 'n skare van etlike duisende Afrikaners het dr. J. F. J. van Rensburg verlede Saterdagaand in die Paarlse stadsaal 'n beroep gedoen op die leier van die opposisie om die komende verkiesing — wat laasgenoemde self bestempel het as die laaste kans van die blanke om sy toekoms te beveilig — 'n volksaak te maak en nie die saak van een of ander party nie.***

***Dr. Van Rensburg het verklaar dat die O.B. bereid is om voorstelle te ontvang in verband met sy aanbod van samewerking in 'n breë opposisiefront.***

***Onder dawerende toejuiging het dr. Van Rensburg gesê dat die O.B. van 1946 oneindig meer gespeen is van die H.N.P. as wat die O.B. van 1943 was. As iemand die stemme van O.B.-kiesers wil hê, sal hy met die O.B.-organisasie moet saamwerk anders sal van die verwagte stemmehulp niks kom nie.***

Dr. Van Rensburg het verklaar dat die na-oorlogse wêreld waarin ons leef — en ten opsigte waarvan hy die O.B. se houding wil skets — nie 'n wêreld is wat bloot ses jaar ouer is as die vooroorlogse wêreld wat verby is nie. Nee. Dis 'n gans nuwe en ander wêreld — een waarin 'n mens jou pad versigtig moet voel. Die werklike resultaat van die afgelope oorlog en gevolglik die grondkenmerk van hierdie nuwe, ander wêreld is die verskuiwing van mag wat daar plaasgevind het van Europa na Asië — van die blanke na die nie-blanke. Oral trek Europa sy voorposte terug: Egipte, Indië Indonisië, Palestina, ens. Dis die wit soldaat wat uit hierdie voorposte padgee en sy plek word geneem nie deur ander wit soldate nie, maar deur nie-blankes.

**Daar is egter een Europese voorpos waaruit die blanke nie kan terugtrek nie — en dit is Suid-Afrika. Die De Villiers en Jouberts en Van der Merwes kan nie teruggaan na Frankryk of Holland nie — hulle moet in Suid-Afrika leef of sterf.**

#### SAMEWERKING

Dit is die agtergrond, het dr. Van Rensburg gesê, waaruit ons toekoms moet kom. In die lig van hierdie feite verbleik alle geskille tussen blankes — net die noodsaaklikheid van samewerking tussen alle blankes staan helderder en duideliker uit. **In die dae wat kom moet elke blanke dankbaar en bly wees vir die bestaan van enige en elke lewenskragtige organisasie in die skoot van die volk. Elkeen van hierdie organisasies moet sterk gemaak word — nie verswak word nie.**

#### TAAIE VEGVERMOË

Dr. Van Rensburg het gesê dat hy wil praat van die O.B. en hy wil met dankbaarheid en trots daarop wys dat blank Suid-Afrika in die O.B. 'n taaie en lewenskragtige organisasie het wie se vegvermoë die stryd wat voorlê beslissend kan beinvloed.

**Die O.B. is die republikeinse besieling in ons volkslewe. Hy is die draer van die republikeinse gedagte, nie net met die woord nie maar boweal met die daad. Hoeseer mense ook al teen die republikanisme mag wees niemand ontken dat dit 'n magsfaktor in Suid-Afrika is nie. En die O.B. is daardie faktor.**

Gedurende die oorlogsjare is om en by die duisend republikeine — u mede-Afrikaners — in die kampe en tronke van die Empire gestop sonder aanklag en sonder verhoor. Hierdie manne was almal broodwinners. Wat het van hulle vroue en kinders geword? Was dit nie vir die O.B. wat meer as £90,000 bygedra het vir die versorging van hierdie vroue en kinders nie, dan sou hulle almal op straat gewees het. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika sou Afrikanervroue en -kindertjies onversorg op straat gewees het terwyl hul mans en vaders, politieke gevangenes, in die Empire se tronke moes sit. Maar deur sy Noodhulpdaad het die O.B. hierdie skandvlek afgewentel wat op die gesig van elke Afrikaner sou geval het.



Dr. J. F. J. VAN RENSBURG.

**Die O.B. is die eerste organisasie wat 'n nuwe pad uit die moeras van partyverdeeldheid en -onmag aan die volk voorgehou het, nl. die pad van die partylose volkstaat.**

#### O.B. BIED HULP AAN

Hierdie dinge is almal prestasies van die O.B. wat sy lewenskrag bewys. Dit gee enigsins 'n indruk van die gewig wat die O.B. kan stoot in die na-oorlogse stryd wat voorlê.

**En die O.B. is nie onwillig om sy hulp aan te bied nie — op watter terrein ookal nie. Dit bewys sy staande aanbod van steun by die eersvolgende algemene verkiesing. Die O.B. is bereid om enige kandidaat van 'n Afrikanerfront te ondersteun op twee voorwaardes: Die deur moet oopstaan vir alle nasionaal-voelende groepe om tot hierdie front toe te tree en elke toetredende groep moet inkom met behoud van sy identiteit en beginsels.**

(Vervolg op bladsy 2)

# Luisterryke Funksie In Die Paarl

## Boodskap aan Ons Kamerade In Die Tronk

**Die verjaardagviering van die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, en die A.K.G., genl. J. A. Smith is Saterdagaand, 9 November weereens met die gebruiklike luister in die Paarl gevier. Gebiedsleier, dr. F. du T. van Zyl het die gelukwensing van die Beweging aan die leiers oorgedra.**

Die verrigtings is aangevang met 'n optog van die Cedarplein na die stadsaal. Vooraan het die speerpunt van vlagwagte marsjeer, met komdt. Swanepoel se blaasorkes kort agter hulle. Dan het die erewag wat die sprekers begelei het, gevolg. Verderaan het afdelings van die Boeredogters, Boereseuns, Dameswag, Manswag, en van die vroue- en mannekommando's gevolg. Hulle het op die maat van die blaasorkes se vrolike marsmusiek marsjeer.

**Voor die stadsaal het 'n skare van duisende mense saamgedrom wat, toe die deure oopgaan, in 'n ommesientjie die stadsaal, die galery en die sygalerye tot oorlopens-toe gevul het. Die saal was pragtig versier met vlae, baniere en blomruikers op die verhoog.**

Komdt. André du Toit het as voorsittende offisier opgetree. Die voorsitter het etlike telegramme van gelukwensing voorgelees, o.a. een van mev. Adm. Conradie.

'n Flinke vlagwag van dames het die sprekers, gevolg deur die offisiere van die wag, na die verhoog geleide gedoen. Nadat die vlag deur die Boerejeug gehys is, is die vergadering geopen met 'n kragtige gebed deur prof. dr. Van Rooyen.

Genl Willie Marsh het die sprekers en die aanwesiges hartlik welkom geheet in die Paarl. U is algar baie welkom hier, nie alleen lede van ons Beweging nie, maar almal wat lede van ons volk is, het die generaal gesê.

Dogters van die Boerejeug het fraai blomruikers aan mevv. Van Rensburg en Smith oorhandig, asook 'n geskenk aan mev. Van Rensburg wat die vorige dag verjaar het. Sy het kortliks op gepaste wyse haar dank uitgespreek.

**Die K.G. het 'n geskenk aan die A.K.G. oorhandig namens „u kamerade in die Pretoria Sentrale Gevangenis". Hulle laat aan die A.K.G. weet, het die K.G. gesê, dat net soos hy op 16-jarige leeftyd gesê het: Ek rebelleer, so sê hulle en die hele republikeinse Afrikanerdom vandag agter hom aan: Ons rebelleer. Die A.K.G. het in sy dankwoord gesê dat hierdie leer-sakboekie uit die Empire se tronk, die kosbaarste en betekenisvolste geskenk is wat hy nog ooit ontvang het.**

Die Boerejeug van die Paarl het 'n geskenk aan ons kamerade in die tronke aan die K.G. vir aflewering oorhandig. 'n Verteenwoordiger van Noord-Transvaal het namens sy gebied 'n geskenk aan die K.G. gebied.

Die Kaapstadse blaasorkes het deurgaans die verrigtinge opgeluister met vrolike musiek. Die gelukwensing van die Gebiedsleier, dr. F. du T. van Zyl, sowel as die toesprake van die K.G. en A.K.G. verskyn elders volledig.

# „Jaar van vordering" — Genl. Van Zyl

Gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl het die boodskap van gelukwensing aan die K.G. en A.K.G. oorgebring. Spr. het met lof gepraat van genl. Willie Marsh en sy offisiere en brandwagte wat so skitterend met 8 Augustus gepresteer het en ook vanaand met die goeie ontvangs wat hulle gegee het.



DR. F. D. DU T. VAN ZYL.

Genl. Van Zyl het ook in sonderheid waardering uitgespreek vir mev. Van Rensburg en mev. Smith wat hul eggenotes in die moeilike werk so getrou bygestaan en besiel het. Hy het voortgaande verwys na die bekragtiging deur die offisierslaer te Bloemfontein van die K.G. se leierskap vir 'n verdere tydperk van drie jaar. Die afgelope tydperk was een van swaarkry vir die Ossewabrandwag, en daardie swaar het by uitstek gerus op die skouers van hulle twee wat aan die spits van die Beweging staan. In die verlede het hulle ons nie gefaal nie, en waar ons aan die begin van 'n nuwe jaar staan, is ons met hoop en verwagting vervul. „Ons weet dat daar hierdie jaar nie net rose op u pad sal wees nie, maar ook dorings", het genl. Van Zyl voortgegaan, „maar u kan die jaar begin met die bewussyn dat diegene wat vanaand hier teenwoordig is, sal aanhou om u te volg. U het aan die begin van die stryd 'n groter gevolg gehad, maar baie van hulle was net mooiweersvriende. Diegene wat vanaand by u staan is manne en vroue wat deur die vuur gegaan het, en self nadat u sou wegval, sal hulle nog by hierdie Volksbeweging staan.

#### TEKENS

Daar is sulke heldere tekens van die tyd dat alles tog nie teen ons gaan nie, maar dat die Ossewabrandwag besig is om 'n plek in te neem wat hy nooit weer sal verloor nie. Vanaand by voorbeeld is daar hier in die Paarl 'n groter demonstrasie as ooit tevore. Op Krugerdag het die Ossewabrandwag in 'n optog die reuse-aandeel gehad en was dit 'n demonstrasie van lojaliteit soos nog nooit tevore by daardie geleentheid nie. Op 'n onlangse reis deur die Noordweste het die K.G. groter gehore getrek as wat enige spreker in daardie dele nog ooit getrek het.

Elke dag sien ons in die pers dat die volk moeg en sat geword het van die twis. Waar andere se oë nou eers vir daardie kwaad oopgaan, sien die Ossewabrandwag al vir die afgelope paar jaar dat ons moet kom tot 'n verenigde volk. Daardie eenheid is egter onmoontlik binne 'n partypolitieke organisasie omdat partye op verdeeldheid berus. Sowel binne as buite ons land merk ons dat die O.B. in die gees van die hele wêreld staan, nl. van sosiale geregtigheid. Daardie gees deurdring ook ons volk wat hom aan die sy van hierdie Beweging gaan skaar.

(Vervolg op bladsy 2)

# K.G. in die Paarl

(Vervolg van bl. 1, kol. 5)

As mense dink dat die O.B. deur laasgenoemde eis vir sy eie behoud skerm dan maak hulle 'n baie groot fout. Die O.B. het gekom om te bly — niemand kan hom ontbind nie, selfs nie sy eie Grootraad nie.

**DIE TYD IS KORT**

Hierdie aanbod van die O.B. is nie nuut nie, maar as dit aanvaar wil word moet dit gou geskied. Die verkiesing kan moontlik aanstaande jaar in Junie plaasvind. As die regering die gulde geleentheid van die koning se koms te baat wil neem, sal hy sekerlik die verkiesing na Junie aanstaande jaar vervroeg. Dan kan die regering verkiesing hou solank die koning-histerie nog heers en kan hy op 'n ongekende golf van imperiale geesdrif moontlik na bewind ry.

**DIE LEIER-IN-RADE**

Die O.B. se verkiesingsaanbod is onlangs bespreek op die kongresse van die opposisiepartye. Daar was ongelukkig botsende uitsprake daaroor. Die leier van die opposisie het een ding gesê en sy onderleiers 'n ander ding. Dis baie moeilik om nou te bepaal wat die amptelike standpunt van die opposisieparty is, want die opposisieleier noem homself 'n Leier-in-rade. En nou bots die leier en die rade.

Ek wil my egter bepaal by die uitspraak van die opposisieleier.

**WIL STEMVEE HÊ**

Hy verklaar dat hy bereid is om saam te werk met die Afrikanerparty maar nie met die O.B.-organisasie nie, omdat die O.B. 'n ander staatsvorm nastreef as sy party. Maar O.B.-lede mag darem vir sy party stem. Wat beteken dit alles? **Enersyds verklaar die opposisieleier aan die Engelssprekendes dat hulle vir sy party kan stem omdat die verkiesing nie gaan oor staatsvorm (republiek) nie, maar andersyds weier hy om met die O.B.-organisasie saam te werk omdat hy van ons oor staatsvorm verskil. Dit rym mos nie.**

**Die opposisieleier maak 'n groot fout wanneer hy aan O.B.-lede sê: ek wil met jul organisasie niks te make hê nie, maar ek wil darem jul stem hê. Hy moet onthou dat hy reeds aan O.B.-lede gesê het: ek wil jul in my party nie hê nie, daarom skop ek jul uit. Die opposisieleier moet nie in O.B.-lede net stemvee sien nie — hy sal uitvind dat O.B.-lede sy houding nie waardeer nie. Of moet die O.B.-man en -vrou by die H.N.P. dieselfde status as 'n Kaapse kleurling hê? „Jy mag vir ons stem— maar jy mag nie lid wees nie"!**

**GESPEEN VAN DIE H.N.P.**

**Dr. Van Rensburg het onder dawerende toejuiging verklaar dat die Ossewabrandwag van 1946 oneindig meer gespeen is van die H.N.P. as wat die Ossewabrandwag van 1943 dit was. As iemand die samewerking van O.B.-lede wil hê sal hy met die O.B.-organisasie moet saamwerk, anders sal van samewerking niks kom nie. Dis nou eenmaal die houding van brandwagte. Benoni en Hottentotsholland is sprekende voorbeelde.**

**HET O.B.-LEIERS SE HULP NODIG**

Dr. Van Rensburg het gesê dat hy hom geen illusies oor die houding van die brandwagte maak nie. **Hy wil die opposisie waarsku dat hul die kloof so diep laat skeur het dat, al is daar samewerking tussen die organisasies, dit sterke en ook taktvolle leiding van O.B.-kant sal vereis om die massa van O.B.-kiesers agter meeste van die H.N.P.-kandidate te kry. Selfs met sulke leiding sal dit plek-plek moeilik gaan.** Sonder leiding kan dit eenvoudig vergeet word. Ek hoop, het die K.G. gesê, dat ek die waan die kop ingeslaan het dat O.B.-lede in 'n stembus geja sal word waar hul organisasie nie geduld word nie.

Die K.G. het beklemtoon dat die O.B. die aanbod van samewerking maak, nie omdat hy die H.N.P. iets skuld nie, maar omdat hy bewus is van sy verantwoordelikheid teenoor die volk.

Die H.N.P.-leiding moet onthou dat die O.B. vir ses jaar lank Ismael was. Hy skuld niemand iets nie — veral nie die H.N.P.-leiding nie. Maar omdat die O.B. intens bewus is van sy verantwoordelikhede teenoor die Afrikanervolk is hy bereid om selfs met die H.N.P. in 'n Afrikanerfront saam te werk.

**FUTIELE KREET**

Die K.G. het gewaarsku teen die futiele kreet van „volkseenheid binne die party". Dis net so onmoontlik as landseenheid binne die distrik. En tekenend van die mislukking van hierdie kreet was die ironiese toeval dat Die Transvaler op 9 September 1946, op die sewende verjaardag van Monumentkoppie verskyn het 'n pleidooi onder opskrif: „Volkseenheid binne die H.N.P." En dit presies sewe jaar nadat die volk by Monumentkoppie mekaar die eenheidshand binne die H.N.P. gereik het! Wat het nie alles sedert Monumentkoppie gebeur nie? **Die huidige verdeeldheid in ons volkslewe staan onbetwisbaar as die lewende verdoeming van die futiele kreet van volkseenheid binne die party."**

**Afrikaner-eenheid, het die K.G. gesê, kan alleen verkry word nadat die nasionaalvoelende groepe met mekaar saamgewerk het. Uit hierdie samewerking —dit is ons geloof en verwagting — kan eenheid gebore word.** Die leiers wat nie met ander groepe wil saamwerk nie, staan in die pad van eenheid, en met hulle moet die volk afreken, het die K.G. gesê.

**WAG VOORSTELLE AF**

Die O.B., het die K.G. gesê, is bereid om voorstelle vir hierdie aangebode samewerking te ontvang. Die O.B. bly bereid om hom in te skakel agter 'n breë opposisiefront. Die O.B. se aanbod van verkiesingsteun bly staan. Die O.B. bly wag op voorstelle vir die praktiese aanwending van sy hulp van die kant van diegene wat die parlementêre stryd moet voer.

Dr. Van Rensburg het afgesluit met 'n beroep wat vloei uit twee stellings wat die leier van die opposisie onlangs gemaak het.

**In die eerste plek het dr. Malan in die parlement 'n beroep op genl. Smuts gedoen om die Indiërwette nie as partysaak maar wel as volksaak te behandel. Dit vind spreker korrek en ook noodsaaklik.**

**In die tweede plek het dr. Malan onlangs gesê dat die komende verkiesing dalk die laaste kans is vir die blanke om sy toekoms te beveilig.**

Indien dit die geval moet wees doen die O.B. op die opposisieleier dieselfde beroep as wat laasgenoemde op genl. Smuts in verband met die Indiërwette gemaak het.

**As die verkiesing dan dalk die laaste kans gaan wees — maak dit 'n volksaak en nie die saak van een of ander party nie.**

# 'Oor Volksake Hou Mens Volkstemmings' — A.K.G.

***Oor die groot volksvraagstukke dink die meerderheid van die volk vandag eenders, maar wat ons van mekaar geskeie hou is die partypolitieke organisasies, het genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., by geleentheid van die verjaardagviering te Paarl gesê.***

Genl. Smith het ten aanvang verwys na die geskenk wat hy vanuit die politieke gevangenis ontvang het met die boodskap: „Ons rebelleer". **„As mens dink dat elke keer wanneer Engeland in die moeilikheid kom, Afrikaners soos wildbokke in hul vaderland gejag word, dan sê ons dat die Republiek nie 'n akademiese kwessie is nie, maar 'n aktuele vraagstuk.** Telkemale het honderde Afrikaners in die tronke beland nie omdat hulle teen hul eie gesag gerebelleer het nie, maar teen 'n vreemde. Dit is die plig van elke Afrikaner om 'n rebel te wees solank Suid-Afrika onder Britse gesag staan en om te strewe daarna om van Suid-Afrië die tuiste van die Afrikanerdom te maak en nie die aflaaiplek van elemente uit die vreemde of die agterryer van die Empire nie."

Suid-Afrika se deelname aan die Britse oorlog het gehelp om die grootste onheil oor die wêreld te bring — die oorheersing van die Russiese bolsjewisme in Europa.

**DIE KONING**

Met verwysing na die koms van die koning het genl. Smith gesê dat alles in werking gestel word vir grootskaalse lojaliteitsbetogings aan 'n vreemde koning, en gewaarsku dat die Afrikaner hom nie moet laat meesleur deur sy republikanisme prys te gee nie. Ons moenie wees soos 'n stout kind wat rook solank George in Engeland sit nie, maar as hy na Suid-Afrika kom, die sigaret weggooi en sê: „Nee, meneer ons rook nie — ons staan nie vir 'n republiek nie."

Voortgaande het genl. Smith verklaar dat hy dikwels al beklemtoon het dat ons vryheid nie langs die weg van 'n partypolitieke stembus verkry kan word nie. **Nou het die leier van die opposisie so pas dieselfde waarheid beklemtoon deur te verklaar dat sy partykonstitusie hom belet om 'n republiek deur middel van 'n gewone partyverkiesing uit te roep. Vir die Republiek sal daar 'n spesiale volkstemming gehou word, aldus die leier van die H.N.P. Dit is presies wat die Ossewabrandwag nog altyd bepleit het.**

**VOLKSFRONT**

Die Ossewabrandwag sê dat die enigste weg om groot vraagstukke op te los dié is van samewerking tussen alle nasionaalgesindes. Wanneer jy 'n verkiesing hou waarin jy die volk vra om net vir 'n party te stem, dan is dit geen volksverkiesing nie, maar 'n partystembus. **Om 'n saak buite die partypolitiek te hou, vereis dat jy ook vir 'n volksfront moet stem. Daar moet nie gestem word vir of teen 'n Smuts of 'n Malan of 'n Van Rensburg nie, maar vir 'n saak.**

Daar is gesê dat die O.B. se pad doodgeloop het, maar hoe kan sy pad doodloop wanneer jy het die groot taak van volksvereniging, hoe kan sy pad doodloop solank jy nog onvry is, solank jy nog het 'n verkeerde politieke, ekonomiese en maatskaplike stelsel? Hierdie dinge is werk wat die O.B. het en waarmee hy inderdaad reeds groot vordering gemaak het.



GENL. J. A. SMITH

Toe die Ossewabrandwag homself teen die gevaar van die kommunisme begin organiseer het, het leiers van die opposisie gesê dat Van Rensburg nou paniekerig word en met knopkierie-kommando's koppe wil inslaan. Kort daarna is hierdie mense deur die kommuniste in Johannesburg belet om 'n kongres te hou waarop hulle ten volle geregtig was. **En die regering wat ook beduie het dat daar geen kommunistiese gevaar bestaan nie, was die eerste om op kommuniste kort gelede te skiet.** Oor die kommunistiese gevaar voel die O.B., die H.N.P. en die regering nou eenders.

**VOLKSTEMMING**

Dr. Malan het in die parlement gevra dat die naturellevraagstuk buite en bo die partypolitiek gehou moet word. Onderwyl hy intussen die volk vir die stembus organiseer teen hierdie vraagstuk, tree genl. Smuts in die buiteland op as kampvegter van die blankedom teen vreemdes wat die kleurlyn in Suid-Afrika nie kan begryp nie. **Dit is dus 'n volksaak wat ons almal besorg oor voel. Kan jy dan daarvan 'n partysaak maak wanneer dit 'n volksaak is? Daarom sê die O.B. dat die volk oor volksake 'n volkstemming moet hou en nie 'n partystemming nie.**

Langs die weg van die partywese kan jy groot vraagstukke nie oplos nie. In Indië en Egipte is geen partystembusse oor hul onafhanklikheid gehou nie, maar die wil van die volk het op die duur geseëvier en die Britte is besig om voor daardie wil te wyk. Daarom wil ons beklemtoon dat die verskillende groepe as ratte binne die volk gebruik moet word nie om teen mekaar te veg nie, maar saam te werk vir die groter en gemeenskaplike belang. Laat hulle saamkom en saam besluit as volk. Ons moet nie hê 'n partygesagstaat nie, maar 'n volksgesagstaat waarin nie die gesag van 'n groep nie, maar die gesag van die volk die boonste sal vier.

## POLITIEKE MOORD OP GROOT SKAAL

**Na Sapa-United Press uit Athene berig het daar in die afgelope tyd 'n skrikbewind in Bulgarye, waar die kommuniste so ewe 'n oorwinning behaal het, uitgebreek. Meer as sestig duisend mense is reeds teregestel en veertigduisend in tronke gestop.**

## Kamerade-Fonds

**Die Paarlse Generalskap het by monde van hfkomdte. Ena Laubscher onderstaande boodskap tesame met 'n bedrag vir die Kameradefonds aan die K.G. oorhandig.**

Uit die tronkselle van Pretoria-Sentraal het daar onlangs 'n boodskap van weergalose volharding gekom toe die gevange Afrikaners daar uit hul skamele middele 'n geldelike bydrae gelewer het vir die fondse van die Ossewabrandwag. Dit was tewens ook 'n boodskap van hoop en krag, want 'n volk wat beweeg met sulke vuur, is onverwinbaar in die stryd.

**Ons in die Paarl het die fakkellig agter die tralies van die tronksel raakgesien. Aangesteek deur daardie vuur wil ons van ons kant 'n boodskap na die Sentrale Gevangenis terugstuur:**

**„Kamerade, die Ossewabrandwag het onderneem om die stryd voort te sit tot hy oorwin het. Jul opofferings sal nie tevergeefs wees nie."**

As tasbare bewys van die Paarl-kommando's se wil daartoe skenk ons hiermee ons bedrag vir die Kameradefonds wat deur ons makkers in Pretoria Sentrale Gevangenis gestig is.

**Een vir Almal, Almal vir Elkeen!**

## KOMMUNISTE WEN IN FRANKRYK

**Die verkiesing van 'n nuwe parlement ooreenkomstig die onlangs aanvaarde konstitusie in Frankryk het, na Sapa-Reuter berig, uitgeloop op 'n volslae oorwinning vir die kommuniste, wat toe ons ter perse gegaan het, meer as dertig persent van die totale aantal stemme verkry het teenoor ongeveer 24 persent van die Katolieke Volksparty, 17 persent van die Sosialiste en 15 persent van die konserwatiewes.**

## Jaar van Vordering

(Vervolg van bl. 1, kol. 3)

**TWEE BEGINSELS**

Waar ons twee leiers 'n nuwe jaar tegemoet gaan weet ons dat hulle ons reg gaan lei en ons weet ook dat wêreldomstandighede so verander het dat daar ook gedagte gegee sal moet word aan daardie veranderde omstandighede in die wêreld en in ons land. Maar ons weet hulle sal ons beleid so aanpas sonder prysgewing van ons grondbeginsels. **Daar is veral twee fondamentstene waarop die O.B. gebou is en daaraan sal hulle nie torring nie, want vir daardie twee beginsels het die O.B. in die lewe gekom. Dit is die groter volkseenheid en die Republiek, het genl. Van Zyl onder oorverdowende toejuiging besluit.**

# S.A. se Kleurbeleid Voor Wêreldskaar

**Suid-Afrika se kleurbeleid was die afgelope week onder die grofgeskut van die wêreldpolitiek as gevolg van twee punte voor die Verenigde Volke-organisasie. Genl. Smuts het naamlik aansoek gedoen om die inlywing van Suidwes-Afrika by die Unie, terwyl Indië 'n klag ingedien het oor Suid-Afrika se behandeling van die Indiërs.**

Voor die voogdykomitee van die V.V.O. het genl. Smuts 'n lang beredeneerde toespraak afgesteek waarin hy verwys het na 'n volkstemming wat daar onder die naturelle volgens stamgebruik gehou is, en dat meer as 200,000 inboorlinge hulle ten gunste van inlywing uitgespreek het teenoor 33,000 wat daarteen was, terwyl 56,000 nie geraadpleeg kon word nie weens verspreidheid.

Genl. Smuts het in sy toespraak 'n geniepsige steek na Rusland gegee toe hy sonder om name te noem verwys het na die inlywing van die drie Oossee-state deur Rusland sonder raadpleging van die Verenigde Volke as 'n teenstelling van die metode wat die Unie volg.

**Intussen word genl. Smuts se saak vertroebel deur 'n propaganda-veldtog van sowel uit die Unie as Indië. Sen. H. M. Basner, vergesel van E. S. Sachs en H. Naido, verkeer in New York waar hulle vryelik propaganda maak teen die Unie se naturellebeleid en dus teen inlywing van Suidwes. Uit die Unie self word telegramme deur kommunistiese organisasies gestuur om ammunisie te verskaf aan die gekleurde verteenwoordigers in die V.V.O.**

# Voedselnood Weens Versnippering

**'n Vrees vir opstand en ernstige onluste onder die Duitsers in die Brits-besette deel van Duitsland as gevolg van die ernstige voedselposisie in daardie gebied, besorg die Geallieerde owerheid ernstige hoofbrekens. Die voedselnood is die ernstigste in die Ruhr-gebied. Die Britse owerheid het reeds voorsorgmaatreëls getref om die Britse gesinne in die Ruhrgebied te beskerm teen moontlike optrede van die uitgehongerde Duitsers. Die huidige toestand mag 'n ernstige politieke terugslag vir die Geallieerdes in Duitsland beteken, en is inderdaad 'n gevolg van die versnipperde beleid in Duitsland.**

Dit blyk dat slegs 100,000 ton van die 565,000 ton graan wat gedurende die laaste kwartaal van hierdie jaar na Wes-Duitsland gestuur is, vir die Britse gebied beskikbaar gestel is, terwyl die res na die Amerikaanse gebied gegaan het. Hierteen het Bevin, Britse minister van buitelandse sake, protes aangeteken by die Amerikaanse minister Byrnes.

'n Amerikaanse woordvoerder het beklemtoon dat daar genoeg koring in die Amerikaanse gebied is ook vir die Britse deel, maar dat geen ooreenkoms bestaan waarvolgens die surplus graan aan die Britte gelewer kan word nie.

## GROBLERSHOOP LEWE NA K.G.-BESOEK

GROBLERSHOOP: 'n Baie geslaagde reeks vergaderings is op 24 en 25 Okt. gehou deur die generaalskap A17 van genl. J. A. Gouws, (Niekerkshoop, Prieska en Buchuberg-nedersetting) wat toegespreek is deur dr. J. F. J. van Rensburg.

Die opkomste was oral bo verwagting, veral te Groblershoop waar die opkoms die stoutste verwagting oortref het. Al die vergaderings was gekenmerk deur verteenwoordiging uit alle partye en groepe. Oral is vrae bevredigend beantwoord deur die K.G. Te oordeel na die vrae en navrae wil dit voorkom asof die nuwe stelsel van beroepsverteenwoordiging groot belangstelling gaande gemaak het.

Te Groblershoop is 'n funksie ten behoewe van O.B.-dag by die geleentheid gehou; die verbasende bedrag van £90 is ingesamel, wat alle bedrae wat nog met enige vorige funksie ingesamel is in die skaduwee stel. Dit is temeer verbasend as die huidige omstandighede met brood- en ander regulasies in aanmerking geneem word.

£19-17-6 van die gemelde bedrag is bygebring deur die verkoop van goedere wat deur die Marydale-veldkornetskap na die funksie gebring is, waaronder 'n model van die Voortrekkermonument wat uit klip gemaak is deur mnr. A. Smit van Marydale en verkoop is vir £7.

**DIE DOOD OP DIE PAD:** **Gedurende die eerste helfte van hierdie jaar het 375 mense die lewe ingeskiet as gevolg van ongelukke met motorvoertuie. Dit is 73 persent meer as die vorige periode. Die toename in die aantal beseerdes is sowat 60 persent. Daar was meer as 18,000 motorongelukke, wat 'n toename van ongeveer 65 persent beteken.**

## OOM JAN DE LANGE OORLEDE

JANSENVILLE. — Donderdag, 10 Oktober, is mnr. Jan Hendrik de Lange van Jansenville in die hoë ouderdom van 78 jaar oorlede.

Die begrafnis het op Vrydag plaasgevind te Slangfontein. As koster het opgetree mnr. Schalk van der Merwe. Die diens is waargeneem deur dr. Claassens na aanleiding van Joh. 19: 38.

As draers het opgetree: mnre. Andries de Lange, Jan de Lange, David de Lange, Philip de Lange, Adrian de Lange, Pieter Knoetze, Izak Greeff, Hendrik Conradie, John Grobler, Adrian van Tonder, Smith en Rudman.

Die oorledene laat 'n eggenote en twaalf kinders na. Uit die huwelik is gebore 16 kinders waarvan 4 reeds deur die dood weggeneem is.

## V.S.A. BEGEER GROTER WRAAK

**Die Amerikaanse militêre regering in Duitsland het gedreig dat indien die Duitse suiweringshof nie beter werk doen nie, hulle self die hof sal oorneem. Hierdie dreigement het ten gevolge gehad dat die minister van suiwering in Wurttemburg-Baden, Gottlieb Maier, bedank het.**

# V.S.A. Gedoem Tot Staatsonmag

**Die Demokratiese Party van Amerika, wat onder leiding van pres. Roosevelt Sentraal-Europa aan die Bolsjewisme uitgelewer het en onder die swakke aanvoering van Harry Truman aan daardie voldonge feite geen keer kan bring nie, het verlede week 'n verpletterende nederlaag gely toe die Republikeinse Party met die tweejaarlikse verkiesing van 'n deel van die kongres meerderhede in sowel die senaat as die huis van verteenwoordigers behaal het.**

Die uitslag is beskryf as 'n afwysing vir Moskou en is ongetwyfeld vir 'n groot mate beïnvloed deur die vyandskap wat in die jongste tyd teen Rusland by die Amerikaanse volk ontwikkel het. Die neiging teen alles wat links is, was inderdaad so sterk dat die kandidate wat deur die arbeidsgroepe ondersteun is, hopeloos uitgeval het.

Die uitslag van die verkiesing beteken dat pres. Truman, wat nog twee jaar lank president moet bly, te staan kom teenoor 'n wetgewende liggaam wat hom vyandiggesind is en ooreenkomstig party-politieke tradisie alles in sy vermoë sal doen om die president in onguns by die volk te bring. Die wetgewende liggaam aan die ander kant kan weer deur die president tot onmag gedoem word deur middel van sy veto-reg. Politieke waarnemers voorspel dan ook 'n tydperk van staatsonmag vir die Verenigde State op 'n aller-kritiekste oomblik van die wêreldgeskiedenis. Sy demokratiese instellings het hierdie magtigste volk van die wêreld tot volslae onmag gevoer — tensy daar van die instellings afgewyk word, soos voorgestel deur sommige persone in die V.S.A., nl. dat pres. Truman bedank en die bewind oorgee aan 'n Republikeinse minister van buitelandse sake.

Die verkiesingsuitslag in Amerika herinner aan die Britse debakel tydens die Potsdamkonferensie, toe Churchill in die middel van die samesprekings moes plek maak vir kabinetsvoorsitter Clement Attlee.


Stuur u POSBESTELLINGS vir
- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

SOLMS VAN NIEKERK

Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

PRETORIA-MARK

WEBB EN PRETORIUS

Produsente, stuur u Produkte, Eiers, Botter en Lewende Hawe na ons.

(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)

Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.

Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

Ons Gee nog Steeds LEIDING

S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE

(EIENS.) BPK.

Voortrekkerweg — MAITLAND

TOT U DIENS . .

Geldenhuys Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad

Foon 22408

ONS NUWE

Baadjie- en Jumperpakke

van Linne wat nie kreukel nie, is baie deftig.

Steyns

DIE MODEWINKEL

PAROW

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

Werda Meubelhandelaars,

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

*TELEURGESTELD?*

Was u miskien laaste jaar teleurgesteld toe u Kersfeesdrankies te laat aangekom het? Moet nie laat dit weer vanjaar gebeur nie. U kan nou-al seker van u drankies maak deur vandag u bestelling in te stuur. Vermeld die datum waarop u verlang dat afgestuur moet word, en dit sal op tyd afgelewer word.

MAAK GEBRUIK VAN HIERDIE GELEENTHEID EN VOORKOM TELEURSTELLING ! !

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Port .. .. .. .. | 2/6 | |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey . | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | — |
| „Cocktail" .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Swartberg Sjerrie .. .. | 2/6 | |
| Boergonje (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Vonkel Boergonje (Droog) | 8/6 | |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Aurora V.S.Q. (slegs 3 bottels per bestelling | 10/- | |
| Royal .. .. .. .. .. | 8/6 | |
| Eureka .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.I .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment, Piesang, Appelkoos of Perske | 7/- | |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer, Anys, Naeltjies | 6/6 | |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**VOORWAARDES:** (1) Voeg by 20/- of 5/- per vaatjie en kissie met bottels respektiewelik. Hierdie depositos word dadelik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald Vlakteplaats-Stasie. (2) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gellings (of 'n gelykstaande hoeveelheid. (3) Alle bestellings Kontant of K.B.A. u naaste Stasie.

MOET NIE VERGEET OM DIE DATUM WAAROP U VERLANG DIT AFGESTUUR MOET WORD IN U BRIEF TE NOEM NIE.

EXCELSIOR WYNMAKERY

(Edms.) Bpk.

VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

DIE O.B., WOENSDAG, 13 NOVEMBER 1946.

# FEITE WAT SPREEK

Die munisipale verkiesings aan die Rand en Pretoria kan ongetwyfeld as 'n baie nuttige vingerwysing vir ons politieke stryd dien. Aan die Rand het die drie belangrikste partye die verkiesing op partypolitieke lyne gevoer. **Die uitslag was dat die Verenigde Party sy ledetal in die raad meer as verdubbel het sodat hy tans oor 'n volstrekte meerderheid beskik. Die Arbeidersparty wat verlede jaar voor geloop het met 18 lede, sit nou met 12, terwyl die H.N.P. geen vordering gemaak het nie — een van sy sittende lede is verslaan en 'n ander het gewen met 'n kleiner getal stemme as wat sy kollega verlede jaar in dieselfde wyk ingeoes het.**

Hierdie feite moet eerlik in die oë gekyk word, want daaruit moet 'n les geput word vir die algemene verkiesing. En daaruit blyk dan dat hoewel die kiesers van Johannesburg hul misnoeë met die Arbeidersparty onmiskenbaar openbaar het, hulle nie na die H.N.P. gegaan het nie, maar teruggeval het op die Verenigde Party wat hulle die vorige jaar verwerp het. **Wanneer Die Transvaler dus skryf dat daar vir die H.N.P. toekomshoop bestaan omdat die kiesers aanstaande jaar die Verenigde Party weer ten gunste van eersgenoemde sal verwerp, hou hy nie rekening met die feit nie dat die Verenigde Party reeds verlede jaar klaar verwerp was en dat die kiesers dus vanjaar al sy toevlug na die H.N.P. as derde alternatief moes geneem het. Dit het nie gebeur nie, en die rede daarvoor moet vir 'n groot mate toegeskryf word aan die hardkoppige weiering van laasgenoemde party se leiers om die medewerking van ander nasionaalgesindes te gebruik.**

In Benoni het die kandidaat van die H.N.P. 'n ooreenkoms met ander groepe aangegaan, maar kort daarna het twee hoofbestuurslede van die party die kandidaat met sy komitee gedwing om die ooreenkoms te verbreek. **Die gevolge hiervan blyk genoegsaam uit die feit dat daardie kandidaat die laaste plek in die uitslag gevul het.**

'n Heeltemal ander prentjie toon die verkiesingsuitslae in Pretoria. Daar is die stryd nie op partypolitieke lyne gevoer nie, maar op oordeelkundige wyse het die nasionaalgesinde elemente met behulp van 'n organisasie van belastingbetalers en onafhanklike kandidate drie uit die vyf setels verower. **Dit toon wat gedoen kan word as die medewerking van almal buite partyverband verkry word.**

**Hierdie feite beklemtoon dus vir die soveelste keer dat 'n Afrikaneroorwinning alleen binne die perke van die moontlike is wanneer dit buite die enge mure van 'n politieke party gevoer word.**

Laat die verantwoordelike politieke leiers oor die uitslae van Johannesburg en Pretoria nadink, en ophou om hulle van die res van die volk te isoleer.

# Na Vyf Jaar

Dit was gister presies vyf jaar gelede dat Die O.B. sy eerste verskyning gemaak het as mondstuk van die Ossewabrandwag. Dit was in omstandighede wat vir ons volk bedroewend en vir die Ossewabrandwag in besonder kritiek was. Oor die Beweging se kop het 'n storm losgebars uit kringe wat baie naby aan hom gestaan het. Soos deur 'n wilde dwarrelwind is die lede van die organisasie van alle kante geskud en opgeroep om hul Beweging vaarwel te sê. 'n Oorweldigende persveldtog het duisende van sy lede weggesleur en nog meer lede van die volk het in verwarring en wanhoop hulle aan die politiek onttrek. **Daardeur het nie net die Ossewabrandwag gely nie, maar ons hele volk, wat sedertdien nog nooit weer op politieke gebied tot verhaal gekom het nie.**

Teen hierdie oormag het Die O.B. op 'n reeds late uur na vore getree om die saak van die Volksbeweging aan vriend en vyand te stel. Ons het van die begin af die belange van die volk as geheel beklemtoon teenoor die belange van partyë groepe. Ons het die nuwe gedagte verkondig van 'n eenheidstaat wat op die hele volk as voetstuk moet rus en nie op een van drie of meer georganiseerde brokstukke binne die volk nie. **Hierdie gedagte het in die afgelope vyf jaar ingeslaan sodat prominente politici ook al pleit vir volksoptrede ten opsigte van moeilike vraagstukke, en selfs die regerende party het 'n verandering van die Unie-grondwet ten gunste van groter eenheid op sy kongres aanhangig gemaak.** Ook is daar in die georganiseerde bedryfslewe van die land 'n roering te bespeur in die rigting van die O.B. se idee van beroepsverteenwoordiging. Ons merk dit o.a. in die nouere en omvattende organisering van die landbou in 'n sentrale liggaam en in die uitgesproke begeerte van die onderwysers vir 'n statutêre liggaam wat ook seggenskap sal hê in die opvoedkundige beleid van ons land. **Sover dit dus die verbreiding van die nuwe gedagte betref, kan Die O.B. na vyf jaar met tevredenheid konstateer dat daar in alle lae van ons volk gevorder is.**

Duideliker merkbaar en meer onweerstaanbaar is die resultate wat behaal is deur ons propaganda vir eenheidsoptrede. Dwarsdeur ons volk in sowel opposisie- as regeringskringe het daar 'n onstuitbare drang tot eenheid posgevat, by die nasionale groepe hoofsaaklik ten opsigte van die onmiddellike verkiesingsvraagstuk en by regeringsvolgelinge ten opsigte van 'n duursame onderbou vir ons politieke lewe in die rigting van groepsverteenwoordiging. Hierdie drang tot samewerking is besig om momentum te wen ten spyte van die hardnekkigste teenstand van partypolitieke leiers wat deur 'n halwe eeu van partypolitieke skoling

## TSETSEVLIEG DALK UITGEROEI

Die vooruitsigte om die Tsetsevlieg in die Unie heeltemal in die nabye toekoms uit te roei, is baie rooskleurig, aldus dr. R. du Toit van Onderstepoort in 'n verklaring wat hy uitgereik het na aanleiding van die D.D.T.-spreireeën wat in die Mkuzi-reserwe, Noord-Zoeloeland, toegepas is. Hoewel daar nog ses weke moet verloop voordat die veldtog waarin nege vliegtuie gebruik is om die D.D.T. te versprei, voltooi sal wees, het die resultate sover bewys gelewer dat die tetsevlieg oor 'n gebied van 40 vierkante myl reeds in dele honderd persent uitgedelg is.

**WEERWRAAK TEEN VERBROEDERING:** Vier moorde het verlede week in Duitsland plaasgevind. Dit is 'n nuwe veldtog wat daarop dui dat dit wraakneming van die kant van die Duitsers is teen verbroedering met die vyand. Die slagoffers was twee Duitse vroue en 'n Britse en Amerikaanse soldaat onderskeidelik.

# Geesdrif Vir O.B. Op Ceres

## Ruim Bydraes Vir Pers-Onderneming

**Hoofkomdt. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B., het Saterdagaand, 2 November, 'n baie geslaagde vergadering in die stadsaal op Ceres toegespreek. Hfkomdt. J. B. Zulch was in die stoel en hfgenl. P. R. Retief het die spreker bygestaan.**

Kmdt. Laubscher het die betekenis van die stryd wat die O.B. gedurende die oorlogsjare gestry het, uiteengesit; en het daarna die rigting wat die O.B. in die na-oorlogse tydperk inslaan, behandel.

Vrae is deur die spreker tot bevrediging van almal beantwoord.

Hoofgenl. Retief het die personderneming van die O.B. verduidelik en sy dank uitgespreek vir die steun wat Ceres se brandwagte aan die saak gegee het en nog gee.

**Na aanleiding van prof. L. J. du Plessies se jongste oproep vir fondse om 'n nie-partypolitieke volkspers tot stand te bring wat uiteindelik die monopolie van die grootkapitaal en die partywese op hierdie gebied gaan breek, het brandwagte en goedgesindes van Ceres en distrik weereens die hand in die sak gesteek, en bo en behalwe die bedrag wat hulle reeds bygedra het vir die personderneming, nogeens meer as £1,000 in die Persfonds gestort!**

Daar heers groot geesdrif vir die personderneming en almal sien uit na die dag wanneer die nuwe volkskoerant sy verskyning gaan maak.

**Die reorganisasie van die Ceres-kommando's is voltooi. Dit het nuwe lewe en besieling gebring. Die kommandant(e) en hul offisiere het groot planne vir die toekoms.**

# Stadsverkiesing 'n ,Donderende Les'

**Na aanleiding van die munisipale verkiesings in Johannesburg, waar die Verenigde Party 'n volstrekte oorwinning oor die Arbeiders- en H.N. Partye behaal het, skryf Die Vaderland dat dit 'n donderende les is „dat verdeeldheid hard, bitterlik hard gestraf word".**

„Nog skerper kom die vermaning tot daardie ander politieke groep wat die tande slyp vir die Witwatersrand en nou al die lippe aflek vir 'n bewindsmeerderheid in die landsverkiesing. As die wil waaragtig is om van onbevoegde owerheidsbestuur ontslae te raak, sal positiewer stappe nodig wees as stramme optrede teenoor en gesanik oor, ,afwykende groepe'. Om die bewerasie te wil kry wanneer oor ooreenkoms met bloedbroers gepraat word, verraai 'n gebrek aan insig." Aldus Die Vaderland, wat verder beklemtoon dat die uitslae ook die bewys lewer dat die Verenigde Party nie so swak en verdeeld is as wat in sommige kringe geglo word nie.

Die Transvaler bied troos vir sy lesers aan in die feit dat die kiesers die Arbeidersparty as alternatiewe regering verwerp het. Namate hulle vanjaar weer gaan agterkom dat laasgenoemde ewe swak regeerders is — iets wat intussen miskien vergeet geraak het — sal die besef groei dat die H.N.P. sy kans moet kry."

Die verkiesing het die Verenigde Party in besit gestel van 22 setels uit die 42. Die Arbeiders het 12 en die H.N.P. 5.

geleer het om op die gebied van die staatkunde net in terme van 'n soort konstitusionele burgeroorlog te dink waarin almal binne die eie party goed en die ander daarbuite sleg en aanvegbaar is.

**Ten slotte is daar die verblydende teken dat Die O.B. aan die begin van sy sesde jaar presies die teenoorgestelde toestand belewe as by sy eerste in sover dit die volk se houding teenoor die Ossewabrandwag betref.** Waar daar destyds algemene vyandskap en verwerping te bespeur was, merk ons in die jongste tyd 'n groeiende belangstelling in en welwillendheid jeens die Beweging. Die volk is besig om terug te keer na wat hy in 1938 ontdek het. Dit getuig die reuse-opkomste na die vergaderings van ons leiers op plekke waar daar tot onlangs net 'n handjievol belangstellendes buite die eie gelede opgemerk is.

Ons kan dus aan die begin van hierdie nuwe jaargang met vaste vertroue konstateer dat die Ossewabrandwag beslis die opdraend uit is sover dit betref sy stryd om 'n staanplek. Namate nuwe persondernemings sy standpunt in wyer kringe bekend sal maak, nader ook die oomblik wanneer met gekonsolideerde krag afgestuur sal word op ons taak van volksredding.

## FAURESMITH STEUN KAMERADE-FONDS

**FAURESMITH:** Die Vrouekommando van Fauresmith het vanjaar ou rommel bymekaar gemaak en verkoop en die mooi bedraggie van £25 ingesamel. Op die manier het hulle hul deel vir O.B.-dag bygedra.

Dan het die Vrouekommando ook £5 aan Pretoria se Kameradefonds gestuur.

„Ons sal ons mede-Afrikaner in die stryd nie verlaat nie en ook nie aan die vyand uitlewer nie."

*O.B.-Kersfeeskaartjies*

VIER VERSKILLENDE PRAGONTWERPE MET O.B.-WAPEN

4/6 per dosyn, met koeverte

**Bestel:**

*BOEREJEUG-HOOFKWARTIER*

MEYERGEBOU 9 POTCHEFSTROOM

WAPENSKOU

Die ENIGSTE Afrikaanse tydskrif van sy soort wat u 'n aantreklike en skerpsinnige oorsig gee omtrent sake van die dag op nasionale sowel as internasionale gebied, hetsy:

- EKONOMIES
- STAATKUNDIG
- WETENSKAPLIK
- KULTUREEL
- SOSIAAL

*Intekening: 12/6 per jaar*

BUS 28 — — STELLENBOSCH

# Staaltjies Uit Kamplewe

## Tentoonstelling Groot Sukses

Die uitstalling van die handearbeid van die politieke gevangenes en geïnterneerdes wat verlede week in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou plaasgevind het, het groot belangstelling onder die publiek gaande gemaak. Afrikaners van alle groepe het mekaar by die uitstalling verdring om die kunstig met hand en knipmes-vervaardigde artikels van naderby te besigtig.

Waggenl. Dirk Eloff, 'n kleinseun van pres. Kruger, wat drie jaar in die kamp was, het die opening van die tentoonstelling waargeneem. Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en mev. Van Rensburg sowel as die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith en mev. Smith was o.a. by die opening aanwesig. Genl. Eloff het met waardering melding gemaak van die lofwaardige taak van die vroue wat verantwoordelik was vir die tentoonstelling, en mev. J. A. Smith, eggenote van die Adjunk-K.G., van wie die inisiatief uitgegaan het, geluk gewens met die poging.

### VOORBEELDE

Genl. Eloff het 'n paar voorbeelde aangehaal van die kameraadskap en trou wat in die kamp geheers het. Dit was nie moontlik om die gees van hierdie manne te breek of hulle te dwing om hul nekke voor die Empire te buig nie.

As voorbeeld van onderlinge trou, het genl. Eloff melding gemaak van 'n jong Afrikaner uit Natal wat dieselfde naam as sy oom dra en wat per abuis in die kamp gegooi is vir dade wat sy oom gedoen het. **Hoewel hy die kans daartoe gehad het, het hy nooit die owerheid daarvan in kennis gestel nie en die straf vir sy oom vier jaar lank uitgedien.**

'n Ander treffende voorbeeld van die gees van broederskap is dié waar 'n oudgeïnterneerde en voortvlugtige, mnr. G. Pasch, ná die vrede aan spr. gesê het dat hy verneem dat hy groot skade gely het weens sy internering, maar dat hy (Pasch) 'n paar honderd pond het wat hy nie dadelik sal gebruik nie, en dat spr. dit kon kry. Hy het sommer sy tjekboek uitgehaal om die tjek uit te skryf, maar spr. het die gulle aanbod van die hand gewys. Hy was diep getref deur hierdie praktiese gebaar van nasionale sosialisme.

### GEREEDSKAP

Vir die maak van die artikels was daar aanvanklik geen gereedskap nie. Om 'n draaibank te maak, het die geïnterneerdes 'n stuk yster vir 'n as nodig gehad. Dié het hulle met die hulp van goedgesinde kampwagte ingesmokkel. **Om die draaibank verder te bou, het hulle van die balke en skroewe uit die hutte gesaag en daarvan onderdele gemaak. Die band van die draaibank is gemaak uit leer wat uit die skoene gesny is wat aan die gevangenes gegee is en toe gevleg is.** So was hulle in staat om artikels uit hout te draai.

Die bytels wat by die draaibank nodig was, het hulle vervaardig uit ou myn-staalkabels wat hulle in die kampterrein opgetel het. Ook uit spykers kon hulle handige werktuie maak.

As voorbeeld van die vindingrykheid van die geïnterneerdes, het genl. Eloff 'n staaltjie opgehaal hoe 'n gebreekte horlosieglas vervang is. 'n Persoon wat knap met sy hande was, het die onderkant van 'n ou gloeilamp afgesny en dit op die horlosie as glas ingepas.

### K.G.

Die K.G. het in sy toespraak verklaar dat die stryd van die Ossewabrandwag gedurende die oorlog nie op die platform gevoer is nie, maar in die tronke en in die kampe. Die stryd wat buite gevoer is, was maar net om die kamerade binne die tronk te ondersteun. **Gedurende die oorlogsjare het die O.B. meer as £90,000 aan die afhanklikes van die geïnterneerdes en gevangenes bestee.** Met uitsondering van twee gemeentes van die Gereformeerde Kerk het geen ander party of organisasie 'n pennie tot hierdie fonds bygedra nie. Benewens die versorging van die Afrikaanse gesinne het die O.B. nog £8,500 aan die Duitse noodlenigingsvereniging in Suid-Afrika geskenk.

**Die K.G. het ten slotte daarop gewys dat daar nog tussen £300 en £400 maandeliks uitbetaal moet word aan noodhulp, aangesien daar nog vyftien voortvlugtiges is wat deur die Ossewabrandwag onderhou word en dertig politieke gevangenes in die tronk sit. Hy het 'n beroep op ruime steun vir die Noodhulpfonds gedoen en gesê dat na soveel prestasie ons nie nou daardie Afrikaners in die steek kan laat nie.**

## KOMITEE SE DANK: £77 GEMAAK

Kommandante mev. J. A. Smith en die komitee van die O.B.-Vriendskapsentrum wens langs hierdie weg al die oud-geïnterneerdes wat voorwerpe in die Koffiefonteinse kamp en dié in die tronk, hartlik te dank vir die verskillende kunstige voorwerpe wat hulle vir die uitstalling geleen het, asook al die brandwagte, veral hulle wat wag gestaan het by die tafels en hulle wat die verversinge verskaf en bedien het. Die opbrengs was £77 17s. 3d en gaan vir die Noodhulp.

# KOFFIEFONTEIN



**Hier het die Afrikanervolk die prys vir sy vryheid betaal! Meegaande foto is 'n afbeelding van die Koffiefonteinse interneringskamp wat in hout ingelê is en te sien was op die tentoonstelling van die hande-arbeid van die politieke gevangenes en geïnterneerdes. Die hutte, strate, draadversperring, die mynhoop en die rante in die agtergrond is alles met hout in natuurlike kleur ingelê. Die tonnel waardeur die geïnterneerdes ontsnap het, is vanaf die voorste hut heel regs onder die draad en waterkanaal (die swart streep) gegrawe. Dit is die eerste voorstelling van die kamp wat tot dusver gepubliseer is.**

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

### Simpatie

Mev. M. A. Gouws, Heidelberg, Tvl., skryf:

As 'n Duitse vrou wil ek u en u koerant van harte bedank vir u openlike simpatie met ons en die Duitse volk in hierdie donker dae wat ons deurleef. Waar amper die hele wêreld teen ons is het u nog altyd die moed om vir ons in die bresse te tree. Ons deurleef nou 'n Gethsemané so swart en donker soos geen nasie voorheen moes deurmaak nie. Intussen gaan die marteling nog aan. Teregstellings, en vrouens en kinders wat van honger sterwe volgens briewe wat ons uit Duitsland ontvang het.

Nie alleen ek nie, maar talle Duitsers is dankbaar vir die woorde van dr. Van Rensburg en Adjunk-K.G., genl. Smith wat in Die O.B. verskyn het.

Daar is net een ding wat ons volk aan die gang hou: hulle sal ons nie vir altyd vertrap nie, en die dag sal kom wanneer die son weer sal skyn — ook vir Duitsland.

Nogmaals dank ek u — ook namens alle Duitsers in hierdie land.


'n WAARBORG . . .

Produkte wat deeglik gemaak is, is altyd 'n voordelige belegging . . . Volg die voorbeeld van duisende beleggers— koop Kommando-sigarette.




RONDE
Kommando
-SIGARETTE

OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES

B.H. 2369

G. A. FICHARDT, Bpk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

TE KOOP AANGEBIED:
Goudmyn-Stoetery bied aan Opreggeteelde Irish Hunter en Percheron Merries en Jong Perdjies uit ingevoerde ouers. Ook Fries- en Jerseykoeie, Verse en Bulletjies uit beste bloedlyne geteel. — A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson. TK5526

W. VOIGT (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)



Gryshare: Antigrys

herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander operasies vermy word en alle siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU, Posbus 7559, JOHANNESBURG.

Vir Voetmoeilikhede raadpleeg 'n deskundig

Handgemaakte Voetstutjies Volgens Afmetings: 'n Spesialiteit

Physical Foot Culture
Oranjestraat 82
KAAPSTAD

O.B.-Kersfeeskaartjies

Vier verskillende kaartjies met die volgende ontwerpe: (1) O.B.-wapen in twee kleure gedruk; (2) O.B.-wapenontwerp deur 'n O.B. in die Sentrale Gevangenis ontwerp; (3) en (4) Diere sketse in twee kleure met wapen binne in en bypassende slagspreuke.

Met Koeverte 4/6 per dosyn posvry.

Pro Ecclesia - Boekhandel
Posbus 29 — — Stellenbosch

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!**

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

**Uit klein akkers spruit groot bome . . .**
**Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## DOODBERIG

TERBLANCHE. — Onvergeetlik is 28 Oktober toe pappie so plotseling van ons weggeneem is, in die ouderdom van 70 jaar. Met onwrikbare Mannemoed en groot Afrikanertrots het hy sy aardse stryd gestry tot die skielike einde. Rus sag, liewe pappie, u nagedagtenis leef vir ewig by ons. Diep betreur.
HETTIE EN BEN.
Greyton. 13/11/1B

VICTOR. — Sag ontslaap in sy Heer, Pieter Victor, naby sy woning, Varsfontein, Merweville, op 22 Oktober 1946.

Geen geluid oor die lippe stil en wit,
Geen afskeidstrane in die oog,
Geen enkele woord,
Alleen die laaste snik na die hemelpoort.

Diep betreur deur sy eggenote en kinders. 13/11/13

## KERSGROETE

**In Die O.B. van 18 Desember sal spesiale ruimte afgestaan word vir Kers- en Nuwejaarsgroete: 3/- per plasing van 24 woorde of minder; 1d. vir elke addisionele woord.**

**Stuur u bestelling vergesel van die nodige kontant sonder versuim aan:—**

**Voorslag (Edms.) Bpk.**

**Posbus 28 Stellenbosch**
**Die sluitingsdatum is**
**10 DESEMBER**

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## AGENTSKAPPE

**EIENDOM.** In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602Tk

**EIENDOMME.** As u eiendomme wil koop of verkoop, raadpleeg VAN RIEBEEK TRUST, Posbus 48, Arcadiagebou, Voortrekkerweg, BELLVILLE. Telefoon 9-7222. 5607/52.

## ALGEMENE HANDELAARS

**COETZER SE WINKEL** H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

**OOSTELIKE WINKELS.** — Besoek ons by ele nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BETREKKINGS VAKANT

**Benodig.** — Ongetroude plaashulp vir gemengde boerdery (vrugte, groente en bees). Doen aansoek by: Mnr. S. P. LATEGAN, Welgeleë, Constantia.

**Dadelik benodig** vir vrugteplaas in Westelike Provinsie 'n flukse, betroubare en hardwerkende voorman. Doen aansoek by: O.B.-koerant, Bus 28, Stellenbosch. 13/11/2B

## BELANGRIK VIR DAMES

**PETRONELLA,** Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad, Foon 2-2178. Kom na ons vir deftige Jasse, Romax Snyerspakke, Trick tweestuk Rokke. Ook Troutabberds word gemaak na mate.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, POSBUS 660, JOHANNESBURG.**

KRISANTE! Nou is die tyd om ons ongeëwenaarde Versamelings te plant wat saamgestel is uit meer as 60 van die wêreld se beste Goue MEDALJE en Beker wenner soorte. Lieflike gesorteerde kleure.

DONOU VERSAMELING: Meesters van die vertoontafel. 15/6 vir 6, 25/- per dosyn, 90/- vir 50.

OPERA VERSAMELING: 21/- per dos. 75/- vir 50.

LUUKSE SORTERING: 18/6 per dos., 65/- vir 50.

TUIN VERSAMELING: 15/6 per dos., 55/- vir 50.

DAHLIAS: Reuse vertoon Dekoratiewe, bekoorlike Kaktus in bekoorlike kleure. Ons deskundig ontwerpte Versameling hieronder verseker tevredenheid!

SONSTRAAL UITDAAG VERSAMELING: Onoortrefbaar vir grootte en gehalte, 50/- per dosyn, 27/6 vir 6.

SONSKYN VERSAMELING: 40/- per dosyn; 22/6 vir 6.

TUIN-VERSAMELING, 37/6 per dos. per dosyn; 22/6 vir 6. Gepak en Posvry.

SWAARDLELIES: Eerste van Holland ingevoerde in glorieryke kleure. 7/6 per dosyn, 50/- vir 100. KONTANT MET BESTELLING 23/10/6

HERHOLDT se vars ingevoerde SADE is gewaarborg tot die volle bedrag van die Koopprys en ons pakkies bevat Saad en nie slegs monsters. Ons „DROOMLAND PRAG" Versameling van 12 keurige blomsoorte in Reënboog kleure teen 12/6 verskaf kleur en genot aan tuin en huis.

Pragvolle nuwe TETRA gekartelde Leeubekkies, bekoorlike kleure 1/- en 2/6 pakkies.

JUMBO MASTDON super reuse Gesiggies, artistiese kleure 2/6 en 5/- pakkies. Asters, reuse Jacobregop, Ridderspoor, Pronkerte ens. in 6d. en 1/- pakkies.

Beste ingevoerde Groentesade: Surehead, Copenhagen Mark, Enkhuizen Glory, Brunswick 2/- per ons, 20/- per lb. Suikersoet NANTES tafel en mark wortels 2/- per ons, 20/- per lb.

Beet, Spinasie, Bone, Komkommers, Blaarslaai, Radyse, Blomkool, Suikermielies teen redelike pryse.

Vir profyt plant nou egte „ring" BOER PAMPOEN, 2/- per ons, 15/6 per lb. TOM WATSON Waatlemoen 2/- per ons, 15/6 per lb.

Kontant of deposito met bestelling, posgeld betaald binne Unie.

HERHOLDT SE SAAD DEPARTEMENT, POSBUS 660, JOHANNESBURG. (B)23/10/3

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRISO (EDMS.) BPK.**— Elektrisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekerweg 30, Bellville. Ons doen ankerwikkeling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draai-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. Tel. No. 9—7223. 5564-1

**ELEKTRIESE WARE.** — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls. Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan. ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5454.

Vir horlosiereparasies spreek STEYN en SWART, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KLEREMAKERS

**STEYN en SWART,** voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## LOSIES GEVRA

**Hotel of Losieshuis:** Vir gesin met twee klein kinders aan of naby die kus, enige plek tussen Oos-Londen en Stilbaai, vanaf 14 Desember tot 5 Januarie. Skryf aan: Dr. MEYER, Posbus 4892, Johannesburg. 6/11/2

Losies vir twee getroude pare in enige voorstad van Kaapstad vanaf 15 Desember tot 2 of 3 Januarie. Een paar het 4 kinders en ander het een kind. Sal meel, eiers en botter saambring. Skryf aan: J. G. KEMP, Bus 16, Kirkwood, K.P. 13/11/2B

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie." Tel. 136.

## MISSTOWWE

**KARROO KRAALMIS MEEL:** Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## PATATRANKE

**STEGGIES.** — Beste rooigrond-steggies. Sesmaande-, Wit- en Borriesteggies, 7/6 per 1000. — H. ROELOFSE, P/s. Serpentine, Dist. George. 23/10/TK

## TE KOOP AANGEBIED

**Die Hond** na die boer se hart! Rhodesiese Rifrug, gekruis met Boerhond. Moeder geregistreer en vader 'n uitstaande Boerhond. Altwee beproefde grootwild-jaghonde. Kwaai op Kaffers. Reuntjies teen £4 en tefies teen £2. — D. NEL, Posbus 58, Nelspruit. 6/11/2B

## PLAAS TE KOOP

**PLAAS.** — Die plaas „Weltevrede", distrik Jacobsdal. 2000 morge. Prys £3. Verdeel in 4 kampe. 5 windpompe. Uitstekende ganna- en karooveld. Vleie en rante. Twee baie groot vangdamme. Moderne woonhuis van 11 vertrekke. Telefoon en water in huis. Tuin met groot verskeidenheid vrugtebome. 4 groot klipkrale. Drukgang en afkeerkraal. 3 waenhuise en buitekamers. Alle geboue onder sinkdak in goeie toestand. Sedert 1850 word hierdie plaas vir die eerste keer verkoop. Algemene boerdery, ook merino en karakoel. Sedert April geen vee op plaas. Doen aansoek: J. C. LUBBE, Michville. Telefoon 240, Michville. 6/11/2

**JUKSKEIE.** — Bottelvorm 3/9, kopskeie 4/6, agkantige skeie 5/6 per paar. Muilswingels 5/6, donkieswingels 5/-: KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. George. 23/10/4.

**MECCANOSTELLE** vir Kersfees. — 'n Ideale present vir Seuns.. Interessant en leersaam. No. 0, 8/6; No. 1, 13/-; No. 2, 17/-; No. 3, 25/-; No. 4, 36/-; No. 5, 50/-. — SLATERS, Northstraat, Oos-Londen. 6/11/2

**PERSIESE OOIE.** — 1,000 Persiese ooie, 2 tand tot volbek, goed geteel (sommige het groot uiers), teen £3 stuk. Doen aansoek: G. E. VAN DER MERWE, Vanderkloof, Petrusville. 13/11/2

**SOUT.** — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, vry gelaai soutwerke. Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak No. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 6/11/TK

**SPANPAALTJIES** (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhout op aanvraag. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 48877/52

Een spinwiel, baie netjies gemaak, £5-5-0. Een paar wolkamme £1. Albei met een demonstrasie mee gegee. 'n Wins kopie. — D. J. PISTORIUS, Amelia, Coalbrook, O.V.S. 6/11/2B

Een eersteklas tentkar met goeie tuie, £55; Een „Canadian Wonder" drieskaar-ploeg, £15; Een Skotskar in goeie kondisie, £15; Een roomafskeier — bak kan 2 gellings neem, £7; Een vleisvaatjie, 15/-. Gelewer te Afrikaskop-stasie of verkrygbaar en op sig by R. OOSTHUIZEN, Kestell. 13/11/10

**VUURMAAKHOUT.** — Beste gehalte swart-wattle vuurmaakhout ongeveer 9 dm. lank gesaag teen £9 per E.S.-trok. V.O.S. Mohne of Stutterheim Stasie.— J. A. N. Cloete, Bus 54, Stutterheim. 30/10/4B

**WINDLAAIERS** vir elektrisiteit op plase: 6 v. £13 11s.; 12 v. (vir swaar werk) £24 6s.; 32 v., 500 w. £49 10s.; 1000 w. £84 5s.; 1200 w. £105 7s. Kan ook 110 w. voorsien en al die batterye vir bogenoemde. Doen aansoek om pryse en besonderhede by: J. M. O'KENNEDY, Posbus 54, Bellville. 30/10/4

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## WYNE

**KERSFEESKISSIE.** — Bespreek dadelik u Kersfeesbestellings. Kissie No. 4: 3 Bottels B.B., 3 Bottels F.C. Brandewyn en 6 Bottels Wyn vir 62/3. Spoorvrag betaald na enige stasie in Unie. Stuur kissie en bottels terug en u kry 4/6. Terme kontant met bestelling of K.B.A. — BRINK BROS. BEPERK, Montagu. 6/11/4

## WYNE EN BRANDEWYN

**TWAALF BOTTELS,** Spesiale Reserwe Uitvoerbrandewyn teen 100/-.

**VYF GELLING** Wit of Rooi Muscadel Likeurwyn £2-17-6; anker £4-6-3; 5 gelling Rooi of Wit Muskadel, Jerepiko of beste ou Port £2-7-6; anker £3-11-3; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2-5-0; anker £3-7-6; 5 gelling Wit of Rooi Malmsey £2-2-6; anker £3-3-9; 5 gelling Rooi Half Soet Muskadel £2; anker £3; 5 gelling Worcester Hock of Soet Sjerrie £2; anker £3. Gelewer Bonnievalestasie. Vaatjies moet teruggestuur word. Beste kwaliteit gewaarborg. Kontant of K.B.A. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale.

## VERJAARDAGKETTING

**Vanaf 1 Januarie 1947 sal die name van slegs dié kinders wat hul voor hul volgende verjaardag weer as lede van die Verjaardagketting laat registreer het, geplaas word. 'n Fooi van 3d. per jaar word gevra om drukkoste en posgeld te dek.**

14 NOVEMBER: Bettie Louw, Paarl; M. Walters, Loxton; Daun Siebrits, Paarl; Leon Swart, Groot-Brakrivier; Anna Havenga, Maribogo; Roebie le Roux, Clocolan; Dirk de Kock, Bethlehem; Catharina du Plessis, Schuinsdrift; Stephanie Kruger, Derby.

15 NOV.: Jakoba Ellis, George; Cornelia Barnard, George; Elsabe Malan, Pinelands; Anna le Roux, Goudini; Marie Jacobs, dist. Carnarvon; Frans Maritz, dist. Carnarvon; Frikkie Dreyer, Frankfort; Monica de Bruyn, Frankfort.

16 NOV.: Christiaan v. d. Westhuizen, Wellington; Jasper Visser, Nababeep; J. Crafford, Stellenbosch; Daniel Grobbelaar, Kortlaagte; Hendrik Taljart, Bosbokrand.

17 NOV.: Jan Moolman, Cradock; Elise Hattingh, Tarkastad; George en Christof van der Westhuizen, Vlottenberg; Jan Moolman, Middelburg; Helena Maas, Wesselbron; Callie Nel, Marquard; Anna Degenaar, Frankfort; Johannes Pretorius, Middelburg; Nicolaas van Wyk, Pansdrift.

18 NOV.: Adriana Klue, George; Petrus van Vuuren, Merweville; Maria Holloway, Strand; Willem van Niekerk, Kakamas; Maryna Brand, Wilgenhoutsdrift; Adriana le Roux, Buurmansdrift.

19 NOV.: Elizabeth Vernooi, Beaufort-Wes; Japie Botes, Beaufort-Wes; Petrus Havenga, Port Elizabeth; Grieta Wilken, Pearston; Gert Brink, Sutherland; Ella Rossouw, Kaapstad; Jurina Upton, Port Elizabeth; Rhona Botha, Port Elizabeth; Hilda Morland, Franschhoek; Johannes de Wit, Boesmanskop; Jerina Claassen, Bothaville; Catherina Gericke, Frankfort; Lombaard Jacobs, Amalia; Rinska van Achterberg, Johannesburg.

20 NOV.: Elise Smith, Malmesbury; Jacoba Hancke, Kirkwood; Anna Kotze, Nababeep; Annette Sprengler, Bellville; Cornelia Olivier, Witkop; Jacoba Visagie, Witkop; Jacoline d'Alemeida, Malmesbury.

# Gebruik „DIE O.B."

om u vriende met Kersfees geluk te wens

„DIE O.B." van 18 Desember sal u Kers- en Nuwejaarsgroete aan u vriende oor die lengte en breedte van Suid-Afrika bring. Die koste is slegs 3s. vir 24 woorde of minder; 1d. vir elke addisionele woord

***Vul onderstaande koepon dadelik in en pos dit vroegtydig.***
***SLUITINGSDATUM 10 DESEMBER.***

*Aan VOORSLAG (EDMS.) BPK.,*
*Posbus 28, STELLENBOSCH.*

*Geliewe onderstaande Kersgroete in „Die O.B." van 18 Desember te plaas, waarvoor ek poswissel/tjek van ............ insluit.*

...........................................................................

...........................................................................

...........................................................................

...........................................................................

Naam ...........................................................................

Adres ...........................................................................

## *Vir die Vroue*

# *As U Somerklere Koop*

Aan die begin van elke seisoen skaf ons almal graag iets nuuts en vars aan. Die somer het vanjaar baie lank weggebly en ons het nog maar min kans gehad vir somerklere. Nou dink ons egter al sterk daaraan om maar die winterklere weg te pak tot volgende jaar en tegelykertyd laat mens somaar jou gedagtes gaan oor nuwe byvoegings tot die someruitrusting.

Mens voel egter skoon benoud as jy so 'n draai in die winkels gestap het en die pryse van goed verneem. Hoede, skoene, materiaal, ja alles is duur vandag en dis regtig geen maklike taak vir die vrou op die gemiddelde inkome om modieus en gepas geklee te gaan nie. Vandag, meer as ooit tevore, moet u oordeelkundig koop sodat u die maksimum diens uit elke kledingstuk wat u besit kan kry.

**Het u goeie smaak?** — Baie min mense het aangebore goeie smaak maar, gelukkig vir ons, kan dit aangekweek word hoofsaaklik deur waarneming en oplettendheid. Om smaakvol geklee te wees moet u nie alleen weet wat is modieus nie maar u moet uself ken: u figuur, u persoonlikheid, u gelaatskleur, u ouderdom, u inkomste en u sosiale stand is almal faktore wat bepaal hoe u geklee behoort te gaan. Wees oplettend dan sal u baie leer. As u 'n dame sien wat werklik smaakvol geklee is besluit hoekom sy daardie indruk op u maak, of as u iemand sien wat onvanpas geklee is let op wat is die fout en sorg dat u nie self sondig nie!

**Kyk wat u het.** — Voordat u kan besluit op die aankoop van nuwe goed moet u eers u somerklere alles nagaan. Maak seker wat u alles het en sorg dat u elke kledingstuk in u kas werklik gebruik. Verander ou rokkies of as hul heeltemal onbruikbaar is kan u dit verkoop of aan 'n liefdadigheidsorganisasie gee, maar moet tog nie u kas die hele somer deur oorvol onnodige goed hou nie: klere kreukel en verniel tog te baie.

Eers wanneer u presies weet wat u besit, rokke sowel as bykomstighede, kan u beluit wat u vir die nuwe seisoen nodig het. Maak verder seker: vir watter geleentheid het ek dit nodig, het ek bykomstighede wat ek daarby sal kan gebruik, watter kleur behoort ek te koop en hoeveel geld kan ek spandeer? Hiervan moet u baie seker wees voordat u die winkel instap. Hoe dikwels koop mense nie die eerste die beste rok wat hul aandag trek nie, om later uit te vind hul het iets anders baie meer nodig, die kleur pas hul nie of hul het geen bykomstighede om daarby te dra nie.

Ons wil almal graag modieus aantrek maar dit betaal die gemiddelde vrou altyd beter om nie 'n uiterste modegril te koop wat vanjaar hoogs in die mode is maar volgende jaar nie meer met sukses gedra sal kan word nie. Mens kan altyd die mode bietjie konserwatief aanpas en dan het u 'n rok wat u 'n paar seisoene sal kan dra. Laat ons kortliks nagaan waarop u moet let as u verskillende stukke van 'n uitrusting koop.

'n Rok moet geskik wees vir die geleentheid wat u in gedagte het en die snit en kleur moet u figuur en gelaatskleur pas. Leer goeie fabrikate van rokke ken. Let baie goed op na die afwerking: netjiese nate, stewige knoopsgate, plooie diep genoeg, goeie soom, netjiese sy-opening. En moet tog nie toelaat dat 'n winkelmeisie u teen u eie beterwete oorhaal om 'n rok te koop nie — sy self wen tog niks daarby nie!

As u self u klere maak, of die redelik goedkoop gedoen kan kry, spaar mens geweldig baie. Sorg dat u weet watter is goeie fabrikate van materiaal. Dit moet taamlik dig geweef wees anders trek dit by die nate. Kyk ook of dit maklik kreukel en onthou u moet verwag om vir goeie materiaal 'n goeie prys te betaal.

## „3,000, MEVROU"



**'n Donker natuurlike marterbont-jas met dolman-moue word vandag in Engeland, wat sy winter tegemoet gaan, te koop aangebied vir £3,000.**

**Waar kry jy daardie hoed?**— 'n Hoed is so 'n belangrike deel van 'n vrou se uitrusting en daar is seker nie nog 'n stuk van haar uitrusting wat haar hele voorkoms so kan verander as juis 'n hoed nie. 'n Hoed, meer as enige ander deel van die uitrusting, moet pas by die persoonlikheid van die draagster. Sommige vrouens kan enige verspotte, uitspattige modegril dra, terwyl iemand anders nie alleen belaglik daarin sal lyk nie maar hopeloos selfbewus voel oor wat u op- of aanhet, is daar iets verkeerd. Mens behoort jouself goed te beskou in 'n lang spieël voordat jy jou kamer verlaat, seker te maak dat daar niks verkeerd is nie en dan jou klere te vergeet!

As u 'n hoed koop moet u kies wat u pas — daar is so 'n groot verskeidenheid hoede wat modieus is dat u wel iets sal kry waarin u gelukkig voel en wat tog smaakvol is. Alleen as u byna perfekte gelaatstrekke het kan u 'n hoed dra waarvan die rand voor opslaan: vir meeste van ons is 'n rand wat afslaan voor meer vleiend omdat dit 'n skawudee oor die gesig gooi. Die hoed moet 'n raamwerk vorm vir die gesig en kan dit alleen doen as dit goed pas en die fatsoen reg is. Dis verbasend watter effek dié fatsoen van die bol en die rand en versierings op die hoed op mens se hele voorkoms en gelaatsuitdrukking het.

**Skoene en kouse.** Ook skoene is vandag 'n duur item en dis nie alleen ter wille van jou beursie dat mens verstandig moet koop nie maar veral ter wille van jou gesondheid. Skoene wat sleg pas veroorsaak eelte, liddorings, blare en slegte bloedsomloop afgesien daarvan dat die skoene self lelik getrap word en kouse verniel. Die skoene moet beide in lengte en breedte goed pas, netjies binnekant uitgevoer en afgewerk wees, 'n breë plat hak vir alledaagse gebruik is verkieslik en onthou goedkoop skoene is duur skoene! Vir spesiale geleenthede is hoëhakskoene mooi maar ook hier is dit noodsaaklik dat uself gelukkig daarin moet wees.

Kouse moet die regte grootte wees. As dit te groot is sit dit nooit netjies nie en as dit te klein is slyt dit baie gou. Die hak en toon moet goed versterk wees en 'n katoen bopart is sterker as dié van sy. Die been moet goedgevorm wees. En natuurlik onthou u om ten minste twee paar op 'n slag te koop sodat u kan uitruil as een beskadig word.

'n Slordige handsak bederf mens se hele uitrusting. Kunsleer wat reeds begin afskilfer

(Vervolg in volg. kol.)

(Vervolg van vorige kolom)

lyk tog so liederlik! En moet tog nie u handsak koeëlrond vol allerhande onnodige rommelry stop nie. 'n Goeie handskoen is altyd versterk tussen die vingers en moet goed diep tussen die vingers pas. Steek altyd eers vier vingers in 'n handskoen en dan die duim en skuif die hand versigtig in, liewer as om die handskoen somaar agter aan te pluk (en te skeur!).

Die groot ding om te onthou as u onderklere koop is dat dit goed moet was. Allerhande kantjies en borduurwerk lyk baie fraai in die winkel maar vereis ekstra werk by die wassery en verniel baie tensy u dit elke week self sorgvuldig gaan doen.

**Pas op wat u het.** — Mens moenie alleen verstandig koop nie maar ook jou klere goed versorg, maar hieroor later. Laat ons vandag net volstaan deur u te herinner dat 'n voorskoot geweldig baie spaar: gebruik 'n voorskoot in die huis en u huisrokkies sal dubbeld solank hou. En moet tog nie, al is u hoe haastig, met u beste rok in die kombuis inspring en „gou aandete maak" of „gou tee maak" nie. Net 'n paar spatsels is genoeg om 'n rok te bederf!

# O.B.-Gedagte Brei Uit In Klein-Karoo

## *Twee Kommando's Gestig*

**„Ek was veral getref deur die algemene posvatting van die O.B.-gedagte selfs in kringe buite ons geledere in die Klein-Karoo," het hfkomdt. S. J. Kamffer, stafhoof van Gebied A (Wes-Kaapland), in 'n onderhoud aan Die O.B. gesê by sy terugkeer van 'n organisasietoer.**

Komdt. Kamffer het o.a. Ladysmith, Calitzdorp, Wynandsrivier, Oudtshoorn, Kamnassie, De Rust, Uniondale en Willowmore besoek, en meen dat die ledetal van die Beweging aansienlik uitgebrei sal word noudat die stelsel van kommandorade ingevoer is, en daar meer intensief georganiseer word.

### NUWE KOMMANDO'S

**By Koutie is 'n nuwe kommando gestig. Komdt. C. J. Nortje sal voortaan die leiding van hierdie afdeling behartig. Hierdie nuwe kommando staan in die teken van die groei van die Ossewabrandwag. Ook op Kamnassie moes 'n manne-kommando gestig word.** Genl. Jurgens Schoeman het die Brandwagte by hierdie geleentheid toegespreek en die beleid en toekomsplanne van die Ossewabrandwag, ook ten opsigte van die verkiesing, op duidelike wyse behandel. Hier was ook 'n aantal lede van die H.N.P. aanwesig.

Op De Rust is 'n nuwe kommandant aangestel. Hierdie afdeling sal voortaan voortbeweeg onder die leiding van komdt. Le Roux van der Westhuizen.

Op Uniondale bestaan daar 'n puik organisasie, het komdt. Kamffer verklaar. Hierdie kommando is baie bedrywig en vol moed vir die toekoms. Op Willowmore is komdt. I. W. Olivier aangestel as waarnemende kommandant.

### VERKIESING

Die Brandwagte in hierdie afdeling is vasberade om nie by enige aanstaande party-verkiesing te stem nie. Hulle is alleen bereid om hulle stem op 'n kandidaat uit te bring wat daar gestel is deur 'n gesamentlike volksfront van alle nasionale Afrikaners, aldus komdt. Kamffer.

Vanaf 25 November sal daar 'n reeks voorligtingsvergaderings in hierdie afdelings deur hfkomdt. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van Wes-Kaapland, toegespreek word.

*Geklassifiseerde advertensies kos 2d. p. woord (minimum 3s.).*




DIT KOS MINDER EN
U LINNE HOU LANGER!

*SPAAR MOLITE en laat*
*Spesialiteite u wasgoed doen*

• *WAS* • *DROOGSKOONMAAK* • *KLEUR*

*Adres: Hugenootstasie, Paarl*
*(Goedere halftarief)*

PAARL STOOMWASSERY
Posbus 35 DIE PAARL Foon 214
(1)

# IN KAMP EN TRONK GEMAAK




Bostaande is enkele van die handgemaakte artikels wat in die Koffiefonteinse interneringskamp en die Sentrale Gevangenis deur die geïnterneerdes en politieke gevangenes gemaak is. Links op die foto is 'n leerkoffer wat deur die gevangenes in die tronk gemaak en as geskenk aan mev. dr. Van Rensburg gegee is. Verder is die lyn (spellende die woord „Vryheid") waarmee die wag vasgemaak is toe twee geïnterneerdes uit die kamp ontsnap het, regs van die koffer te sien. Op die voorgrond is die handgemaakte viool — 'n produk van die kamp. Regs, van die viool is die saktassie (met O.B.-wapen) wat deur die politieke gevangenes gemaak is as hul bydrae vir 8 Augustus. Net agter hier die tassie is die juweelkissie met houtingelegde rose op die deksel.

# Vindingrykheid In Konsentrasiekamp

**Die uitstalling van die hande-arbeid van die geïnterneerdes en politieke gevangenes wat verlede week in Kaapstad gehou is, het mens onwillekeurig laat terugdink aan die artikels wat deur die Boere gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in die Britse krygsgevangenekampe gemaak is.**

Die groot verskeidenheid artikels en die manier waarop dit afgewerk is, getuig van Boerevindingrykheid en aanleg. Dit het mens opnuut onder die besef gebring van die stryd wat honderde kamerade in die stilte gevoer het teen Empirehaat en die slepende tyd.

Onder die artikels wat die meeste aandag geniet het, was seker die afbeelding van die Koffiefonteinse interneringskamp wat met hout ingelê is, en die viool wat in die kamp vervaardig is.

Die afbeelding van die kamp is 'n voorstelling van die terrein vanuit die lug gesien. Die hutte waarin die slagoffers hul dae moes deurbring, die draadheining wat hul vryheid versper het, die mynhoop in die omgewing en die verre rante op die agtergrond, is alles met houtinlegwerk in natuurlike kleur uitgebring. **Kunskenners beskryf dit as 'n werk van besonder hoogstaande gehalte en as van die beste in die land. Dit is gemaak deur mnr. Klee.**

### UITGESMOKKEL

Omdat dit verbode was om 'n plan van die kamp te besit, kon die stuk nie saamgeneem word by vrylating nie. Deur 'n dik laag vernis daaroor te smeer en die patroon van 'n skaakbord daarop aan te bring, is dit onder die neus van die wagte uitgesmokkel, waarna die vernis verwyder is. Op dié wyse het die pragtige kunswerk behoue gebly.

Die viool wat deur mnr. Retief van Stellenbosch gemaak is, hou tot in die fynste besonderhede rekening met die erkende afmetings, en die klank daarvan is besonder suiwer. **Dit word beskou as gelykstaande aan enige fabrieksmodel**, en is vervaardig van greinhout en harde Suid-Afrikaanse houtsoorte wat besonder geskik is vir die gee van suiwere klanke. Greinhout vorm die boonste blad terwyl die harde hout die ander bykomende dele uitmaak.

### UIT TRONK

Onder die artikels wat baie aandag geniet het, was die sakboek wat deur die politieke gevangenes in die Sentrale Gevangenis, Pretoria, gemaak is. Op die buitekant van die portefeulje is die wapen van die Ossewabrandwag aangebring wat rus op die tralies van die gevangenis. **Dit was vergesel van die naamtekening van die gevangenes wat dit gemaak en uit die tronk gestuur het as hul bydrae vir 8 Augustus.**

'n Paar voet lange tou wat deur twee geïnterneerdes uit die vesels van 'n lemoensakkie gevleg is en wat verantwoordelik was vir hul vryheid en ontsnapping is ook ten toon gestel. Met hierdie tou het twee persone een goeie dag in November 1944 'n soldate-wag vasgebind, sy klere uitgetrek, dit self aangetrek, en met 'n vragmotor ontsnap nadat hulle deur drie kamphekke moes gaan. Hulle is nooit gevang nie.

'n Groot aantal knipmesse, bytels, ens. uit spykers vervaardig, was te sien. Een van die interessantste voorwerpe is 'n pyp met 'n koperband om die steel wat gemaak is uit 'n doppie van 'n patroon wat op een van die gevangenes afgeskiet is.

### VAN LAKENS

Besonder mooi was 'n juwelierskissie met rose op die deksel wat ingelê is met hout van 'n vrugtekissie. Die kissie self is van stinkhout. Ander kissies is versier met blink beslag wat verkry is van stroopblikkies. Die skarniere van die kissies is ook daarvan gemaak.

Dames wat die tentoonstelling besoek het, het veral begeer om die mooi en netjies afgewerkte poeierdosies en naaldwerkdosies waarop houtingelegde voorletters aangebring is, te besit. Onder meer was daar ook 'n Bosbaadjie en Safari-baadjie te sien wat in die kamp gemaak is, eersgenoemde van 'n ou reisdeken en laasgenoemde van die lakens waarop die geïnterneerdes geslaap het.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

**FASCISTE HERDENK OPMARS:** Duisende Fasciste het onlangs dwarsdeur Italië die 24ste verjaardag van Mussolini se Swarthemp-opmars na Rome gevier. Die meeste bedrywighede het in die Suide plaasgevind. Die polisie moes gedurende die hele dag bomme van geboue verwyder en swart vlae van geboue aftrek. Daar was verskeie bomontploffings.

## *Ermelo Onderskryf O.B.-Standpunt*

Kommando's E7b3 en 8 het onlangs O.B.-dag-funksie op die plaas Vlakfontein in die distrik Ermelo gehou. Die dames onder leiding van komdte. Potgieter het o.a. 'n middag-ete bedien in die groot waenhuis van komdt. Ziervogel wat 'n reusesukses was.

Na die ete was genl. Scheepers van E7 aan die woord. Hy het die verskillende staatstelsels behandel en daarteenoor die O.B. se beleid gestel. Sy duidelike uiteensetting het algehele byval gevind.

Hfkomdt. Willie de Wet van O.B.-Hoofkwartier het daarop gewys hoe hopeloos dit is vir die H.N.P. as sodanig om op sy eie houtjie te probeer om 'n werkende meerderheid in die parlement te kry. Die enigste hoop is dat die paar H.N.P.-leiers (want die gewone H.N.P.-lid smag om weer te kan saamwerk) hulle verwaandheid laat vaar, hulle gruwelike wanvoorstellings i.v.m. dr Van Rensburg en die O.B. terug trek en die O.B. se hand neem alvorens dit te laat is en die Boerevolk 'n verdoemende oordeel oor hulle vel. Komdt. De Wet het breedvoerig ingegaan op die onmoontlikheid van samewerking met die H.N.P. op laasgenoemde se voorwaardes, aangesien dit beslis onsinnig is om eers te verwag dat die duisende O.B.-lede wat tronke en kampe vir hul ideaal getrotseer het, en wat deur die broederhand van die O.B.-kamerade gevoed was in tye van uiterste nood sonder meer sy eie organisasie gaan vaarwel sê en by 'n party gaan inkruip wat hulle nog steeds as rampokkers en skakelaars met Smuts beskou en bestempel.

Na afloop van die vergadering het mnr. Potgieter, voorsitter van die plaaslike H.N.P.-tak, sy waardering vir hoofkomdt. De Wet se uiteensetting uitgespreek en hom vereenselwig met die gedagte van onmiddellike samewerking met behoud van identiteit.

Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid, beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR: PRETORIA.